ISSN 0258–2279 LITERATOR 11 No. 2 Aug. 1990

G.A. Jooste

Fantasie en ideologie in Eugène Marais se *Dwaalstories*

Abstract

In the four short stories published in the volume *Dwaalstories*, Eugène Marais achieves a very charming combination of fantasy and ideological coding. The fantasy seems, on the one hand, to camouflage the possible effects of certain ideological stances in the stories and also to predispose a naïve reading, while the more submerged ideological coding, on the other hand, invites closer inspection, which will uncover the real clout of the message.

Traditionally, fables recount the victory of the weak over the powerful due to the intervention of some magical outside force. In these African fables this convention is employed to demonstrate the successful undermining of the despotic use of power which causes the innocent to suffer. Assisted by forces of magic residing in Nature, the weak react against injustice, so rectifying the social imbalances and counteracting the dangers caused by the inhumane use of group or institutional force.

The purpose of this article is to describe the way in which fantasy and ideology are intercoded in Marais's *Dwaalstories*.

1. Vertrekpunte

1.1 Teenstrydigheid

Verhale met elemente van fantasie vertoon dikwels die volgende eienskap: as daar ideologies gekodeerde moontlikhede ingeskryf is, bly hierdie aspek skynbaar op die agtergrond. Sodra hierdie potensiaal egter geïdentifiseer en ontgin word, skyn die werking daarvan, paradoksaal genoeg, buite verhouding te wees tot die aanvanklike en oënskynlik beskeie reikwydte van die verhaaltjie of sprokie.

Die ideologiese aspek is dikwels slegs indirek toeganklik en word verhul agter

fasades, byvoorbeeld 'n ongesofistikeerde, selfs liriese trant of dalk onwaarskynlike gebeure wat skynbaar aan kinderlike wensvervullings uitdrukking gee. 'n Ideologiese kode kan gebruik word om vermomde aspekte van die teks te ontdek en op die voorgrond te bring, en hierdie sake kan met die skynbaar onskuldige, speelse en dikwels ongeërgde trant van die oppervlak 'n interessante wisselwerking aanknoop. Degenaar (1988:108) demonstreer op oortuigende wyse hoe sulke vermomde magsverhoudinge in die Rooikappiesprokie na vore gebring kan word.

Die ideologiese kodes wat in hierdie bespreking ter sprake kom, word benader deur die twee moontlikhede wat deur Degenaar (1985:124) as ongunstig vir die indiwidu getipeer is, naamlik 'n "sisteem van idees en waardes wat totalitêre proporsies aanneem en 'n dienooreenkomstige beheer oor die menslike bewussyn verkry" asook "ideologie as sisteem van idees en waardes wat die belange van die groep wat die ideologie onderskryf, weerspieël". Dit is ideologie in gevaarlike gedaante omdat dit die waarheid verberg en as sodanig gebruik kan word (vgl. Degenaar,1982:52). Waaroor dit in die *Dwaalstories* gaan, is nie 'n min of meer spontane ("natuurlike" of onskuldige) uitleef van groepsbelange ter wille van sê maar oorlewing nie, maar bewuste en opsetlike aanwending van mag deur 'n maghebber teenoor 'n magtelose om eie voordeel te kry of om die belange van 'n groep teenoor die bestaan of belange van ander te bestendig. Hierdie aanwending van mag word hoofsaaklik op die storievlak ingeskryf, 'n vlak wat die uiteenlopende werkinge van ideologie en fantasie akkommodeer.

'n Verdere teenstrydigheid is die uiteenlopende werking van fantastiese en ideologiese kodes. Die element *fantasie* verteenwoordig, soos Rosemary Jackson (1981:2) aantoon, in die tradisionele literatuur 'n neiging in die rigting van ontsnapping, dit is ontsnapping aan 'n stel omstandighede wat as ongunstig (byvoorbeeld verdrukkend) ervaar word. Hieruit ontstaan onder andere 'n bepaalde nostalgiese toon oor verlore skoonheid of heelheid wat met 'n terugblik saamhang. Die werking van die ideologiese kode, hierteenoor, lei die leser na die problematiek van die werklikheid wat om 'n draai aan die orde gestel word, 'n saak soos byvoorbeeld die misbruik van mag.

Fantasie as 'n *mode* (Eng.) wil eintlik onthul: "It reveals reason and reality to be arbitrary, shifting constructs, and thereby scrutinizes the category of the 'real' " (Jackson,1981:21).

1.2 Verdubbeling van rolle

In fantastiese tekste word daar soms 'n dubbele lesersrol ingeskryf. Vir 'n kinderlike ontvanger (soos die kinders van wie Marais in die voorwoord tot die *Dwaalstories* skryf), kan 'n mens veronderstel, sou 'n aspek soos die fantastiese gebeure prominent in die resepsie figureer. Die kritieklose aanvaarding van onwaarskynlike gebeure is immers ingeburger in die leestradisie van sprokies. Hierteenoor is dit die ontwikkelde mens-as-leser wat

die spanning tussen waarskynlikheid en onwaarskynlikheid in alle fiksionele tekste kan waardeer maar verder ook ideologiese kodes kan raaksien en interpreteer. Die tweede soort resepsie sluit die eerste nie uit nie, tewens, dit kan vir 'n adekwate lesing dringend noodsaaklik wees dat die gesofistikeerde soort lees van alle moontlikhede kennis neem, ook die naïewe, omdat die meervlakkige lesing die kreatiewe moontlikhede van interaksie tussen leesvlakke wil losmaak.

Die dubbele lesersrol klop met die dubbele vertellersrol wat in die *Dwaalstories* ingeskryf word. Die "oorspronklike" verteller, Hendrik, wat in die voorwoord deur die konkrete outeur Marais aan die leser voorgehou word as die skeppende (of dan minstens 'n medeskeppende) instansie, sal moontlik slegs deur 'n naïewe leser as sodanig aanvaar word, waarskynlik om een of meer van die volgende redes.

Vir 'n naïewe leser kan hierdie verhale uiters vreemd voorkom. Die tipering daarvan as "Boesmanverhale" kan die leser laat dink dat hy onthef word van die nodigheid om die verhale met sy eie werklikheid in verband te bring ten einde dit te naturaliseer. Verdere redes kan wees dat naïewe lesers sekerlik nie die ekstrafiksionele gesag van die konkrete outeur in twyfel gaan trek nie, ook nie aan 'n moontlike spel met maskers oorweging sal skenk nie en waarskynlik in 'n mate deur daardie versekering gerusgestel sal word omdat die teenwoordigheid van 'n natuurmens (dit wil sê iemand wat sonder meer aanvaar kan word as 'n outentieke inwoner en dus kenner van die vreemde voorgestelde wêreld) 'n alte aanloklike waarborg vir die outentisiteit daarvan kan wees. So word buitetekstuele gesag gehandhaaf en die kultuurgaping oorbrug. Na aanleiding van die alombekende feit dat Marais lang tye van sy lewe in die veld met natuurnavorsing deurgebring het, kan dit maklik gebeur dat 'n oningeligte leser verkeerdelik aanvaar dat hy onder andere ook Boesmans en Korannas leer ken het en hierdie stories dus op daardie gesag as outentiek kan aanbied. Iemand wat Rousseau se biografie van Marais gelees het, sal moontlik onthou dat daarin vermeld word dat hy 'n artikel oor die Boesmans geskryf het (vgl. Rousseau,1974:258), waaruit 'n mate van wetenskaplike gesag afgelei sou kon word.

Uit 'n vroeë artikel van Jan van Melle (1953:41) blyk dat hy Marais se woord aanvaar, naamlik dat die oorspronklike skepper van die storie inderdaad daardie verteller Hendrik was. Die ongesofistikeerde trant van die vertelling asook die gebruik van herhaling (woorde en frases soos "en toe") suggereer die optrede van 'n mondelinge vertelling. Volgens hierdie opvatting sou Marais se rol beperk bly tot dié van boekstawer met hoogstens redigerende ingreep op die stof. Geen hedendaagse ondersoeker sal hierdie moontlikheid egter ernstig oorweeg nie. Daar is reeds genoegsaam aangetoon hoe knap en vernuftig hierdie stories in mekaar steek (vgl. Du Randt,1969, asook Jooste,1983:78 e.v.).

Noukeurig beskou, moet 'n mens saam met Alet Mihálik (1988:86) toegee dat die opvatting dat die "oorspronklike skepper" 'n Boesman of Koranna was,

nie danig betroubaar is nie omdat sy daarin slaag om in hierdie verhale ook ander Afrika-elemente uit te wys. Verder is die verwysings na aspekte van 'n Westerse kultuur nie dik gesaai nie, maar darem so opvallend dat hulle kwalik misgekyk kan word: *kajuitraad*, *wapad*, *skape*, *ryperd* en dergelike meer.

Tog sal die leser ietwat onverstandig wees as hy enige skimverteller, Boesman of San of Zulu of wat ook al in die voorwoord aan hom voorgehou word, bloot as truuk beskou en buite rekening laat. Dit is immers die outeur self wat hierdie moontlikheid enkodeer en as sodanig moet dit oorweeg word as 'n aspek van die teks se strategie.

Die primitiewe verteller is nie noodwendig slegs 'n pose of masker nie, soos reeds lank gelede aangetoon, maar hy is wel deel van die bestaanswyse van hierdie tekste. Sy "rol" van skimverteller kan gesien word as 'n versterking van die eiesoortige aard van die voorstelling: synde 'n skim word hy nooit 'n deelnemer aan enige gebeurtenis binne of buite die teks nie, maar kan hy onder andere daartoe bydra dat die voorstelling 'n bepaalde kleur kry. Ter verduideliking: so 'n verteller soos wat hy waarskynlik sou kon wees, pas by die spel van voorstelling en voorstellingswyse. 'n Mens kan jou dit maklik indink, dat indien die *Dwaalstories* ooit verfilm sou word en daar 'n vertellersrol in die draaiboek sou wees, hierdie skimfiguur van 'n natuurmens goed daarin sou gepas het. Die gebruikmaking van so 'n skimfiguur in die vertellersrol sou immers veel beter gepas het as die anemiese Marais soos hy in *The guest* te sien is.

Verder word die element *fantasie* hierdeur versterk omdat die fantastiese gebeure só as 't ware nog onwerkliker word: iewers in 'n donker hoekie van die verhoog sit hierdie skim sake en dophou. Hy hoort tot die ander wêreld en is in hierdie hoedanigheid 'n aspek wat die afstand tussen wêrelde beklemtoon; hy is daar, maar ook nie. Tussen die veronderstelbare (sê maar gesofistikeerde en komplekse) leefwêreld van die hedendaagse (waarskynlik redelik siniese) verwesterde leser en die voorgestelde wêreld word 'n groter afstand oopgemaak sodat die bekorende fantasie nog 'n stap verder van die gewone werklikheid verwyder verskyn.

In hierdie afstand skuil daar ook iets teenstrydigs. 'n Mens kyk dalk deur 'n omgekeerde verkyker, maar dit beteken nie dat die beeld vervaag nie. As dit so is dat die fantasie eintlik die werklikheid in die oog het, is dit onvermydelik dat die voorstellings van fantasie in 'n mate mimetiese ooreenkoms met die werklikheid sal toon.

2. Ideologie en fantasie

Die in die spel bring van fantasie hang op 'n vreemde manier saam met ondermyning. In hierdie artikel word daar op 'n aspek van ideologies geïnspireerde optrede gekonsentreer, naamlik die samehang van onderdrukking en bevryding. In hierdie verhale is dit 'n prominente aspek omdat die

voorgestelde werklikheid deur geïnstitusionaliseerde patrone van mag, dominansie en magsmisbruik in stand gehou word. Die mag en die maghebber bestaan saam en vorm 'n stewige teenhanger vir 'n teenstellende energie in die speelveld, naamlik die magtelose wat bevryding nastreef. Tot sy eenvoudigste elemente gereduseer, lyk die situasie dus so: die maghebber laat hom teenoor die magtelose geld en dwing sy wil op die ander party af, en indien die maghebber in hierdie spel met magsverhoudinge dinge doen wat die saambestaan en tradisies van die samelewing nadelig raak, asook die menswaardigheid van die slagoffers, lyk sy optrede na die uitleef van 'n gevaarlike ideologie en word teenoptrede geregverdig. Niemand kan byvoorbeeld die regverdigheid van die saak teen Jakob Makding betwyfel nie en selfs die optrede van die onsimpatieke stamgenote teenoor klein Nampti kry die aard van 'n groepdominansie (in "Die vaal koestertjie").

Dit is egter 'n kenmerk van die ideologiese aspek van hierdie verhale dat die klein opstandelinge slegs die onderdrukking wil afgooi omdat hulle bevryding begeer, sodat die stories (met een uitsondering) uitloop op 'n situasie wat gekenmerk word deur herbestendiging van 'n vorige orde of vestiging van 'n nuwe orde sonder dominansie, omdat wraak of die vestiging van 'n nuwe, sterker hegemonie ('n teendiktatuur) skynbaar nie die oogmerk is van die personasies of die verteller of die intredende bonatuurlike magte nie. Makding word op sy plek gesit in die sin dat die mag van hom weggeneem word (hoe hy vir sy vergryp boet, is nie deel van die storie nie) en Hart-van-die-dagbreek verkry 'n beter bedeling weg van die oorheersing van haar ouma.

Die ideologiese kwessies word in die *Dwaalstories* op storievlak aan die orde gestel deur vertelde gebeure oor die gebruik of misbruik van mag deur 'n magtige, en die reaksie hierteen hang op die een of ander manier saam met die intrede van 'n fantastiese element. Laasgenoemde het op sigself die speelsheid en kreatiewe energie met die potensiaal om die swaarvoetige ideologie teen te werk en koud te sit. Binne die vertelde storiewêreld word hierdie skeppende opstand op personasies oorgedra wat op sigself te gering is om werklike weerstand te bied, maar wat met die nodige hulp wel daarin slaag om die mag van die maghebber tot hul eie voordeel te oorwin. 'n Uitsondering is Klein Riet-alleen-in-die-roerkuil wat faal sonder dat hy noemenswaardige weerstand kan bied. Sy ondergang word nie voorbestem omdat hy hom teen die magshebbers verset nie, maar omdat 'n bonatuurlike mag teen hom werk. In sy geval word belangrike waarhede omtrent sy sending waarskynlik vir hom verberg. Indien hy die magspel beter begryp het; anders gestel, as hy van die begin af geweet het wat werklik vir hom op die spel was, het hy dalk anders gekies en dan het die storie heeltemal anders afgeloop.

3. Fantasie en/in die werklikheid

Om die *Dwaalstories* op ideologiese vlak verder oop te skryf, word die volgende punte in ag geneem:

- Die verhale teken 'n primêre werklikheid wat herkenbaar is as "normaal", maar wat tog aspekte kan bevat wat normaliteit teenspreek.
- Hierdie wêreld wat uitgebeeld word, vertoon eenvoudige trekke, synde 'n kalerige woestynwêreld, maar daar is 'n geordende samelewing wat as sodanig geken word aan 'n gesagstruktuur, gedragspatrone, 'n hiërargie en funksionarisse.
- Die verhale skryf egter ook 'n bevreemdende afstand in tussen die leser en die voorgestelde wêreld, sodat die bestaan van 'n tweede, alternatiewe werklikheid aanvaarbaar voorkom.
- Die alternatiewe werklikheid tree nie sonder aanleiding na vore nie, is ook nie vanselfsprekend via of vanaf die primêre te bereik nie. Kontak daarmee berus op die werking van 'n bo-natuurlike mag wat kan verkies wanneer en hoe om op die gewone werklikheid in te gryp.
- In die vertelling word elemente in verband met die gewone werklikheid meegedeel wat die logika en waarskynlikheid terg en sodoende die werking van die bonatuurlike in die storie inskryf.
- Hoewel die twee werklikhede van mekaar te onderskei is, verkeer hulle nie noodwendig in konflik nie, eerder op 'n spesiale manier in simbiose.
- Daar is telkens 'n spesifieke rede in die verloop van die storie wat die introduksie van die alternatief of 'n ingreep vanuit die alternatiewe wêreld wenslik maak.

4. Die verhouding tussen die twee wêrelde

4.1 Die wêreld van orde

'n Vraag wat hom dadelik voordoen, is die basis van die ordening waarop die sogenaamde geordende wêreld berus. Te oordeel aan die elemente daarvan wat meegedeel word, is dit hoofsaaklik 'n sekulêre wêreld. Daar is in elke storie 'n duidelike handelingslyn en die vertelling fokus dikwels op gebeure wat verhoudinge tussen mense openbaar. In die so onthulde verhoudinge speel posisies van mag en onderhorigheid 'n sleutelrol. Daar is gewoonlik 'n dominante groep of figuur wat (met een uitsondering) tegelyk 'n politieke leier (soos 'n stamhoof) beklee met mag en gesag is. Die bestaan van so 'n besluitnemende en uitvoerende gesagsfiguur impliseer 'n soort struktuur, asook ingeburgerde patrone soos byvoorbeeld party onderdane se rolle as deelnemers (aan die kajuitraad by Gammadoekies maar ook ander rade wat byvoorbeeld in "Die lied van die reën" genoem word) en onderhorige uitvoerders van opdragte (Riet-alleen wat die boodskap moet dra). Daar is in een geval selfs sprake van 'n gevestigde samelewingskode, naamlik die "wet van die Bessiebome". Die suggestie is duidelik: daar is groeperinge wat deur 'n gemeenskaplike stel idees en waardes asook belange byeen gehou word.

Die bestaan van gesag en groepsbelange is hier nie toevallig nie want dit is in die voorgestelde wêreld ingebou, hoe karig dit ook al verder voorkom. Verder word juis die gehoorsaamheid aan hierdie gesag en belange getoets en

ondermyn, terwyl die inherente gevoelloosheid van groepsbelange vir die welsyn van die indiwidu 'n markante aspek van die stryd tussen enkeling en owerheid, of tussen magtelose en maghebber vorm. Die uitoefening van gesag en belange veroorsaak ontbering (geestelik en liggaamlik) en gaan saam met intimidasie, waarop die reaksie onvermydelik volg. Makding reserveer die water vir gebruik deur sy groep alleen; klein Nampti kry nie die geleentheid om normaal te groei nie; Riet-alleen boet met sy lewe.

Die *Dwaalstories* wil en kan waarskynlik gelees word as sprokies met 'n inheemse karakter; daarom is ruimtelike kenmerke wat dit in 'n soort Afrikawoestyn tuisbring, redelik prominent. Dit pas verder in die dinamiek van die stories dat die voorgestelde kultuurorde bedreigbaar is, soos die geval is met enige kultuurorde. Die situering van die gebeure in 'n woestynagtige omgewing skep dadelik die moontlikheid dat die stryd om oorlewing daar die basiese dinamiek in die mense se lewens sal wees. Hierdie moontlikheid word nie op die voorgrond gebring nie en daar is geen vyandskap tussen natuur en kultuur in die *Dwaalstories* nie. Dit is ook nie elemente van die natuur wat die inisiatief neem met die oogmerk om die kultuurorde te ondermyn nie. Nagali en andere asook die dooies onder die wind na wie Konterdans-hulle luister, laat die gewone werklikheid blykbaar met rus. Dit kan egter gebeur dat hierdie magte op impulse uit die werklikheid reageer.

Dit lyk asof die natuur die tuiste is van elemente wat teen die kultuur ingespan kan word: Nagali se dierlike en natuurlike helpers in die lug, die water en op die grond, asook die stand van die sterre, om twee voorbeelde te noem. Verder lyk dit asof die alternatiewe werklikheid mag het om hierdie natuurelemente te gebruik. Hoewel die natuurelemente slegs in reaksie optree, huisves die natuur tog die hulpmiddels wat ingespan kan word om die primêre werklikheid se magsvergrype te korrigeer.

Optimisties gesien, beywer amspdraers hul oor die algemeen vir die handhawing van die goeie orde soos hulle dit sien, maar hulle is tegelyk die kwesbare plekke, synde menslik en dus van feilbare gehalte. As daar, soos in die *Dwaalstories* 'n dwaling begaan word ten einde die eie mag oor ander te misbruik, tree 'n korrektief in werking en word die uitoefening hiervan voorkom of omgekeer. Die besluitnemers in Riet-alleen se samelewing slaag nie daarin om Rooi Joggom te bereik nie; klein Nampti kry die geleentheid om haar posisie te verbeter; Makding verloor sy mag oor die water.

Ondanks die voordeel wat 'n geordende samelewing se ordening die inwoners bied, word die orde dikwels bedreig deur die magshebbers se onvermoë om hul magsposisies honderd persent regverdig te beklee. Alte dikwels begaan hulle, soos Jakob Makding, 'n vergryp ten koste van ander. Die wankelbaarheid van die orde is dus nie soseer toe te skryf aan dreiging van buite nie, maar die feilbaarheid van die magshebbers binne die orde. Die ironiese vraag kan verder gestel word of die herstel van die vergryp ook van binne kan kom.

Hierop kan daar maar net een antwoord wees – uit hierdie verhale blyk baie

duidelik 'n uiters pessimistiese kyk op die menslike onvermoë om in die politieke ordening van sy werklikheid aan 'n hoë ideaal soos regverdigheid getrou te wees.

Die ingreep deur die fantastiese magte van die alternatiewe werklikheid het dus 'n dubbele funksie: om die ontsporings op plaaslike vlak te herstel waar moontlik en nodig (soos om die wet van die Bessiebome weer in te stel nadat Jakob Makding onttroon is), en om 'n beter alternatief voor te hou (soos in "Die reënbul").

4.2 'n Alternatiewe orde

Die ingreep en werking van 'n alternatiewe werklikheid kan in terme van fantasie begryp en beskryf word. Daarom is dit gerade om met die hulp van die werk van Todorov (1973) en Jackson (1981) kortliks na aspekte van die fantasie te kyk, met inagneming van die feit dat hierdie blik ook die ideologiese vlak van die *Dwaalstories* insluit. Volgens Todorov (1973:46 e.v.) kan onderskei word tussen sprokie en fantasie omdat eersgenoemde die bonatuurlike magte aktiveer en mobiliseer, terwyl die fantasie hoofsaaklik gebaseer is op die gegewe van skynbaar werklike elemente wat hulle so gedra dat die leser oor hul ware aard in onsekerheid gehou word. Marais se *Dwaalstories* kan in die lig hiervan as sprokies sowel as fantasie gelees word aangesien elemente van beide voorkom.

5. Fantasie en ideologie

Hierdie deel van die bespreking steun in breë trekke op insigte van Jackson (1981:13 e.v.).

5.1 Plaasvervanging

Die eerste opvallende kenmerk van die fantasie is dat dit plaasvervangend werk. Veral die sprokie is 'n kunsvorm wat hom leen tot ontsnapping na 'n beter werklikheid waar daar regverdigheid heers (soos die wet van die Bessiebome) of waar daar geen gedwonge eensaamheid aan die enkeling opgelê word nie (soos in "Die reënbul"). Dit is 'n herstelde en daarom dikwels geïdealiseerde plek en toestand. Om hierdie rede staan die sprokie nooit los van die werklikheid nie "... it is a literature of desire, which seeks that which is experienced as absence or loss" (Jackson,1981:3).

Omdat 'n alternatiewe werklikheid as plaasvervanger ter sprake gebring word, is daar rede om die twee werklikhede met mekaar te vergelyk. Hierdie vergelyking is in drie van die vier verhale moontlik. In "Die lied van reën" is dit die bestaan met en sonder water, in "Die vaal koestertjie" die bestaan van klein Nampti as onderdrukte en dus verhongerde teenoor die bestaan in 'n regverdige bedeling, in "Die reënbul" verruil Hart-van-die-dagbreek die

treurige eensaamheid in die berge vir die beter alternatief anderkant die water. In "Klein Riet-alleen-in-die-roerkuil" is hierdie vergelyking nie moontlik nie omdat die gesogte *elders* hierin nooit as 'n beter alternatief gerepresenteer word nie. Wat Rooi Joggom aan die "groot gevaar" by Gammadoekies moet of sou kon doen, bly deurentyd 'n raaisel. Dit is deel van die bestaanswyse van die stories dat sulke sake nie noodwendig gepresiseer word nie.

Verder is die mate van inisiatief wat vermoedelik of nie deur die magte van elders geneem word (in die bring van byvoorbeeld die groot gevaar oor Gammadoekies) 'n saak wat nie verder as spekulasie kan vorder nie. Die groot gevaar kan gelees word as 'n besoeking wat deur 'n bomenslike mag soos Rooi Joggom oor die mense gebring word (vgl. Du Randt,1969:28) om hulle tè teister of te toets – die groot gevaar kan droogte wees of iets wat uit eie geledere ontstaan en groei. Dit lyk vrugteloos om op hierdie soort vrae antwoorde te probeer vind, terwyl 'n beskouing van magsverhoudinge interessante dinge omtrent die *Dwaalstories* aan die lig bring.

5.2 Fantasie as reaksie

Die tweede kenmerk van die fantasie: dit is dikwels 'n reaksie teen die vanselfsprekende en aanvaarde orde, en as sodanig 'n uitdaging aan die basis en grense van die dominante kulturele orde. Bloot die feit dat norme, waardes, instellings en konvensies aan toetsing onderwerp word, is al ondermynend omdat daardie soort vraagstelling gesien kan word as 'n pertinente afstand doen van lojale deelname. Vir baie lesers is reaksie stellig 'n kreatiewe soort ondermyning, veral omdat deur so 'n optrede die eerlike soeke na 'n beter alternatief geïmpliseer word, en nie blote omverwerping nie.

In drie van die vier *Dwaalstories* word 'n gunstiger alternatief in die plek van 'n vorige gevestig deurdat die personansies, gehelp deur die magte van elders, 'n wanbalans in magsverhoudinge herstel en so van die mens se leefwêreld 'n beter plek maak. Voorbeelde uit "Die lied van die reën", "Die vaal koestertjie" en "Die reënbul" is reeds genoem.

Die uitsondering is "Klein Riet-alleen-in-die-roerkuil", waarin die vrae wat oor outokratiese optrede gestel word, nie van die personasie self kom nie – hy ondergaan sy lot skynbaar sonder verset of opstand – maar van die leser wat toeskouer is. Hier is 'n samelewing wat 'n weerlose mens willens en wetens uitlewer aan magte teen wie hy nie bestand is nie. Hy het nie die middele om te slaag nie en hy word waarskynlik nie behoorlik oor sy kanse op sukses ingelig nie. Die vreemde is egter nie soseer dat hy prysgegee word nie, want die kampvegter van die gemeenskap byt dikwels in die uitvoering van sy hoë taak in die stof, maar dat hulle hom self uitwis. Die leser word gelei om die besluite en optrede van die gesagsfigure te bevraagteken: dit is hulle wat Riet-alleen offer en so van hom 'n martelaar maak. Verder is dit natuurlik

vreemd dat iemand hom so laat behandel. In die lig van die nul-resultaat wat behaal word, word die offer wat Riet-alleen alleen bring en die prys wat hy namens die gemeenskap betaal, in 'n uiters ironiese lig gestel.

Die naam Rooi Joggom word maar twee maal genoem, albei kere in konteks met die son, sodat die vermoede kan posvat dat hy dalk 'n verre soort lig verteenwoordig, 'n Absolute Lig wat manlik is en wat die arme mense sou kon verlos van die groot gevaar op die vlakte. Waarom anders sou hulle Riet-alleen met 'n boodskap na hom toe stuur? Met die uitsondering van Galepa in "Die reënbul" is die dominante figure almal manlik. Die kwessie van geslag kom aanstons aan die orde.

Die assosiasie tussen die naam Rooi Joggom en 'n bobbejaan doen hom voor, aangesien die berge tradisioneel die blyplek van die bobbejane was (vgl. *Dwaalstories*:26) en verder omdat Nasi-Tgam 'n keer na Joggom Konterdans as "'n bobbejaantjie" verwys (*Dwaalstories*:17). Daar is natuurlik ook 'n klankassosiasie. Dit is egter te betwyfel of die assosiasie in hierdie geval veel gewig dra.

Behalwe dat Rooi Joggom moeilik bereikbaar is en die kans op redding daarom skraal lyk, bly dit deurgaans duister of hy sou kon help, en indien wel, hoe. Verder is daar 'n bonatuurlike mag met plaaslike agente in die veld wat elke poging om Rooi Joggom te bereik, sal fnuik. Heitsi-eibib weet dit alles maar hy is moontlik bewus van iets wat die leser en Riet-alleen nie weet nie, naamlik wat Rooi Joggom aan die saak sou kon doen. Hierdie moontlikheid verhinder dat sy handelinge totaal sinloos voorkom, want hierop berus die kans dat Rooi Joggom inderdaad redding sou kon bewerkstellig. Hy reageer egter nie, oënskynlik omdat geen boodskap hom bereik nie, waardeur die moontlikheid van alwetendheid teengespreek word.

Hierdie verhaal plaas die optrede van die leidende figure Heitsi-eibib en Klipdas-Eenoog in bedenklike lig: 'n ontoereikend toegeruste enkeling moet boet omdat hy nie die onbereikbare kan bereik nie, en hy sterf aan die hande van diegene wat nog minder as hy in staat was om die saak te beredder. Dit versterk die ironiese kyk op die gebruik van gesag, soos in die geval van Jakob Makding in die tweede verhaal.

Die optrede van die magshebbers kan ook beskou word met die oog op die geslag van die deelnemers aan die storie. Diegene wat om ideologiese redes onderdruk, is byna deur die bank manlik en word deur gevoellose optrede gekenmerk, terwyl die teenparty subtiel en geweldloos optree en hoofsaaklik vroulik is of deur die vroulike geslag gelei word. 'n Belangrike verskil tussen Riet-alleen en Konterdans is die manier waarop laasgenoemde die geleentheid benut om met vroulike hulp elemente van duskant en anderkant vir hom te laat saamwerk: hy laat hom lei deur die ou vrou wat blykbaar die magte van die ander kant begryp, en so kry hy die samewerking van die reën, die suster. Dit was juis die vroulike mag, naamlik Nagali en van haar eksplisiet vroulike medewerkers soos die danseressie en die Narrakierie, wat Riet-alleen verhin-

der om deur te kom na Rooi Joggom, die eksplisiet manlike doelwit van sy sending. Terwyl Konterdans die redding deur middel van die water, die vroulike element, bewerk, misluk Riet-alleen finaal by die water, vir hom klaarblyklik in meer as een opsig 'n vreemde element.

Dit is opmerklik dat die werking van die fantasie geredelik met die optrede van vroulike deelnemers te versoen is, terwyl die manlikes eerder op fisiese maniere probeer om hulself gestand te doen. 'n Uitsondering is "Die reënbul" waarin die Jagter-van-die-water van anderkant kom om Hart-van-die-dagbreek te bevry. Hieruit ontstaan 'n assosiasiepatroon: manlikheid word hoofsaaklik met die instandhouding van groepe en belange geassosieer, terwyl vroulikheid hierteen reageer en met subtiele ondermyning van hierdie ordelike en konvensionele belange die tot stand bring van 'n alternatief nastreef. Dit is hoofsaaklik die vroulike deelnemers wat die onsigbare magte mobiliseer of mag het oor natuurdinge: Nagali en die krokodil, die vaal Koestertjie en die leeu se haar.

5.3 Nuwe kombinasie van bekende elemente

Die fantasie probeer nie noodwendig om 'n ander wêreld tot stand te bring nie, maar kan 'n nuwe kombinasie van bekende elemente maak om iets te produseer wat vreemd, ongewoon en skynbaar nuut en anders is. Dit is 'n uiters kreatiewe reaksie, wat meer impliseer en behels as 'n blote ontsnapping aan die ongunstige huidige.

Daar kan verskeie redes wees waarom die huidige stand van sake *oorgemaak* moet word. Van die vier verhale in die *Dwaalstories* is dit slegs in "Die reënbul" dat die lydende personasie op fantastiese wyse vanuit haar eensame en onderdrukte bestaan weggevoer word na 'n heeltemal ander, alternatiewe werklikheid. Maar selfs dan is dit 'n nuwe werklikheid wat saamgestel is uit dieselfde elemente as die bekende wat Nampti agterlaat: die son, 'n groot werf met nuwe strooihuise soos 'n bruidegom s'n sou wees, en volop van alles, 'n groot vuur en, les bes, die wagtende bruidegom.

Die *Dwaalstories* kan dus nie gesien word as fantasieverhale in die volle sin van die woord nie. In "Riet-alleen-in-die-roerkuil", soos tewens ook die geval is in "Die lied van die reën", konsentreer die fokus op plaaslike gegewens wat die gestalte van 'n probleem aanneem, terwyl die alternatief met magiese kwaliteite en die vermoë om te red van daar af betrek of ingeroep word. Dit is, in eersgenoemde geval, duidelik dat Nagali en haar agente tot die sfeer van die bomenslike behoort, te oordeel aan die magte waaroor sy beskik. In hierdie geval sou 'n mens kon oorweeg of die magte bokant die menslike vlak met mekaar in stryd of kompetisie is. Dit staan vas dat Nagali Riet-alleen se deurtog afsny, maar die rede vir hierdie optrede bly onbekend. Sy en haar helpers openbaar geen aggressie nie, waaruit afgelei kan word dat sy nie vir die dreigende gevaar verantwoordelik kan wees nie. Sy en haar helpers neem geen inisiatief nie, soos te verwagte sou wees as hulle bose bedoelings gehad

het. En Riet-alleen weet dat hy sy oupa meer as hulle moet vrees, toorgoed of nie toorgoed nie.

In "Die lied van die reën" word die oorwinning van die klein mensie verseker deur die kreatiewe aanwending van die tradisie, natuurlik nie sonder hulp van die vroulike deelnemers nie. Jakob Makding verloor die stryd omdat hy uit voeling geraak het met die oorspronklike stel idees en waardes van die stam terwyl Konterdans hierdie dinge kon mobiliseer.

5.4 Ondermyning van die monolitiese visie

'n Vierde kenmerk van die fantasie is nogal opvallend in veral die eerste twee *Dwaalstories*. Die fantasie ondermyn die monolitiese visie, want dit werk graag met dubbelsinnighede en antinomieë: ". . . the basic trope of fantasy is the oxymoron" (Jackson,1981:21). Die oksimoron is 'n stylfiguur wat teenstellings in samehang hou in 'n onmoontlike verband sonder om noodwendig sintese te bewerk. Die antitetiese saambestaan is 'n bestaanswyse wat die moontlikheid van heelwat energie in hom verenig.

Die opvallendste antitese is in die teksvlak ingebou: die ongeërgde trant en die vertelwyse wat skynbaar 'n kinderlike soort lees veronderstel, vermom 'n boodskap met heelwat ideologiese trefkrag. Die werking van die verhale berus in aantoonbare mate op die saambestaan van teenstellende elemente asook die verrassende omkering van die verwagtinge wat gewek word.

In "Klein Riet-alleen-in-die-roerkuil" word die magteloosheid en kortsigtigheid van die manlike ghoeroes genadeloos onthul. Om maar binne die idiolek van die teks te bly: ou Klipdas-Eenoog[1] blyk inderdaad eenoog in die land van die blindes te wees. Dit skyn asof die manlike ghoeroes wat hul uitsluitlik op Rooi Joggom rig vir die oplossing van hul probleem, glad nie in staat is om in die bekende dimensie die bedreiging die hoof te bied nie en in hul poging geen raad het met konkrete struikelblokke nie. Dit geld probleme wat naby is (plaaslik in die verwisselbare gestaltes van Nagali se helpers, en waarvan Heitsi-eibib waarskynlik weet) en ver (vanweë die onbereikbaarheid van daardie boonste vuurmaakplek). Die ver vuurmaakplek is nie slegs omrede blote afstand onbereikbaar nie, maar eintlik omdat dit in 'n ander dimensie geleë is. Nagali se oorwig oor die mense is daarin geleë dat sy haar blykbaar in vele dimensies kan handhaaf: die water, die lug en die aarde. Sy en haar helpers kan heen en weer beweeg en wat meer is, sy beheer die deurgang: sonder Nagali se toestemming en medewerking sal niemand deur daardie swart water tot in die volgende dimensie vorder nie.

'n Reeds genoemde aspek sluit hierby aan. Dit is oorwegend die manlike visie wat eendimensioneel werk, terwyl die vroulike sigself in meer as een dimensie

1. Die sikloop-konnotasie in Eenoog se naam wat deur Alet Mihálik geopper word (1988:86), skyn van die kol af te wees, veral beskou in die lig van die spesifiek Afrikaanse idiolek van hierdie teks met sy kreatiewe aanwending van Afrikaanse spreekwoorde.

kan laat geld. Hieruit spruit 'n antitese, en in hierdie opsig is die Gamma-doekiesmense se probleem universeel: terwyl hulle manlik dink, sit hulle in die plaaslike vas en dan wil hulle dit deur middel van plaaslike middele of op fisiese wyse (bv. spoed) transendeer, terwyl hulle hul leefwêreld nie eens behoorlik onder beheer het nie. Rooi Joggom se onbereikbaarheid is onder andere die gevolg van hul onvermoë om uit die plaaslike dimensie te tree, terwyl dit juis die dimensie is wat hulle aan bande lê. 'n Aspek van die verwagting wat omgekeer word is die volgende: die wyse manne van die kajuitraad weet dalk van Nagali se toorgoed, maar hulle het geen raad daarmee nie. Skynbaar gee hulle geen aandag hieraan in Riet-alleen se boodskap nie. Eers as hulle hierdie probleem opgelos het, vermoed 'n mens, sal hulle die volgende kan aanpak. Dit kan selfs vir hulle 'n sleutel wees, want dalk sou hulle by haar kon leer om meester van die natuurelemente te word.

Nagali hoef Riet-alleen nie uit die weg te ruim nie omdat sy waarskynlik weet dat sy eie mense sy vuurtjie sal doodmaak. Of die doodmaak van Riet-alleen die eie beperktheid besweer, is twyfelagtig, want dit lyk asof hierdie optrede eerder die stam se magteloosheid bevestig.

Daar is 'n ironiese dubbelsinnigheid in Heitsi-eibib se laaste woorde ingeweef: dit skyn te suggereer dat Riet-alleen in die nuwe hoedanigheid van snaar van die Groot Ramkie 'n verdere geleentheid sou kon kry om aan 'n volgende uitreikpoging deel te neem. Die ander moontlikheid spreek hierteen, want die spanproses waaraan hulle Riet-alleen wil onderwerp, klink soos 'n intense en uitgerekte marteling. Die onbewoë slotmededeling van die onttrokke verteller neutraliseer grotendeels die kreatiewe moontlikheid. Hiermee word die monolitiese visie van die stamghoeroes bevestig: hulle kan slegs vernietig en geen ware redding bewerk nie. Aan hul onderste vuurmaakplek bly hulle gebonde en dit is moontlik 'n veel groter gevaar as iets wat van buite kom. Ten slotte bied hierdie verhaal 'n uiters pessimistiese visie: op geen wyse is dit vir hierdie mense moontlik om uit die bedreigde dimensie te breek nie. Hulle is gedoem om mekaar en hulself daarbinne uit te roei. In die lig hiervan is hierdie verhaal van Marais 'n waardige voorloper vir Rabie se ewe onhutsende onthulling van selfvernietiging in "Drie kaalkoppe eet tesame" (in die bundel *21* van 1956).

In vergelyking met Riet-alleen se mislukking kom die deurbraak wat Konterdans bewerkstellig des te kreatiewer voor: hy oorwin nie slegs die plaaslike problematiek nie, maar verseker 'n standhoudende kontak met die ander dimensie.

5.5 Visie en waarneming

Om dan by 'n vyfde kenmerk van die fantasie uit te kom: probleme in verband met visie en waarneming is sentraal in die fantasie. In hierdie opsig reageer die fantasie teen die ingeburgerde opvattings van die leserspubliek. In die "normale" samelewing word rede en begrip maklik aan visie gekoppel

(sien is glo), 'n opvatting waarvolgens die bestaan van 'n saak sterk bevestig word as dit gesien kan word. Wanneer die visie en die waarnemingsvermoë ondermyn word, word rasionele opvattings en waarnemings van die werklikheid in mindere of meerdere mate bevraagteken.

Die probleme in verband met visie en waarneming (as visuele handeling, nie persepsie nie) word in die storievlak ingeskryf en so word hulle deel van die teks se werkwyse. So beskou, pas dit dat Riet-alleen eers die dansende meidjie en die vaal Boesman herken as dit te laat is, dat die Nampti-meidjie in "Die vaal koestertjie" die bruidegom en raadsmanne oor haar voorkoms kon bedrieg en dat Nampti se primêre ervaring van haar wêreld visueel is in "Die reënbul".

In "Klein Riet-alleen-in-die roerkuil" word die hoofpersonasie as fokaliseerder gebruik en het *sien* en sinonieme (*siet*, *loer*, en *gewaar*) asook werkwoorde wat sintuiglike waarneming rapporteer (*hoor* en *voel*) redelik hoë frekwensie. Hierdeur word 'n intieme ervaring van en saamleef met die primêre wêreld veronderstel. Behalwe dat hierdie saamleef karakteriserend werk, het dit waarskynlik die verdere effek dat dit 'n mate van simpatie verseker by die leser wat hom maklik met hierdie personasie as sy waarnemingspunt in die storiewêreld assosieer. Dit gebeur dan ten koste van die groep of indiwidu wat in die magsposisie optree in die verhouding.

Dit is funksioneel dat die personasies 'n probleem in hul werklikheid baie sterk sintuiglik ervaar en daar probeer oplos, maar om sy eie gesag te handhaaf, moet die instansie wat die verbande tussen visie en ideologie beheer, homself van die beperking vrywaar, anders ondermyn hy homself. Dit kan hy doen deur die leser bo-oor die personasie se kop aan te spreek, soos in "Klein Riet-alleen-in-die-roerkuil", en so sy meerdere kennis te demonstreer in die vertelhandeling. Dit doen hy byvoorbeeld deur te sê: "En net daar het die groot ongeluk hom gevang" (*Dwaalstories*:10) of "(m)aar dit kon nie help nie" (*Dwaalstories*:11), stellings wat as interpretasie vertolk kan word.

Behalwe aspekte van die storie moet die volgende vraag ook aan die orde gestel word: watter gevolge het hierdie belemmerde waarneming vir veranderinge in magsverhoudinge?

In Riet-alleen se geval veroorsaak hierdie probleem, wat eintlik meer as belemmerde visie is en stellig gebrekkige persepsie genoem kan word, dat hy sy hele futiele reis uitvoer voordat hy agterkom dat hy terug is waar hy begin het. Die oorwig van die stamghoeroes berus so te sê uitsluitlik op die feit dat hulle meer van die probleem verstaan as hy en dat hulle nalaat om hom in te lig oor die ware aard daarvan. Daar is reeds gewys op die ironiese klanke wat ontstaan uit die gebrekkige begrip waaraan die stamleiding onderhewig is.

In "Die lied van die reën" berus die regstellende handeling van die onwaarskynlike held Joggom Konterdans byna in sy geheel op die verskil tussen sy ware vermoë en die verkeerde persepsie wat ander van hom het. Die mense

wat aanvanklik die probleem probeer oplos, Tonteldoos Vuurdop en dergelike, het geen idee hoe om Makding te neutraliseer nie, net so min as wat hulle begryp wat Konterdans werklik sou kon vermag. Eers nadat Konterdans self sy musiek voorspeel en die mag daarvan demonstreer (die mense wat vir 'n begrafnis gekom het, tree op asof dit 'n bruilof is), word hy deur Nasi-Tgam aangewys as die hoop vir die toekoms. Eers dan kry hy die funksie van held.

Soos in die geval van die ghoeroes van Gammadoekies verkeer ook Jakob Makding in onwetendheid oor wat dit presies is wat hom gaan tref. Hy het geen kans om hom voor te berei nie, maar omdat hy in die konteks van die storie vir sy arrogante heerssug moet boet, pas dit in die verloop van sake dat hy op hierdie manier uitoorlê word. Veral in "Die vaal koestertjie" word die onwetendheid van die stam se voormanne narratologies netjies uitgebuit deurdat hulle onsekerheid oor wat dit presies was wat hulle gesien het, 'n meisie of 'n leeu, nie vir hulle uit die weg geruim word nie en hul gebrek aan insig so verletterlik word ten koste van hul posisie as leidende figure van die groep.

6. Ideologie en vertelling

Die beste manier om die krag van die fantastiese visie te waarborg, is om 'n uiters subtiele maar tog treffende mengsel van fantasie en werklikheid aan te bied. Om ondermyning op die vlak van propaganda te bedryf, is bloot propaganda. Die sukses van die kunswerk word nie deur die gehalte van die propaganda bewerk nie, maar deur die artistieke meriete. Selfs al kan 'n mens ten slotte sê dat die ondermyning van owerheidsgesag, soos aangetref in die *Dwaalstories* aantoonbaar van 'n baie opbouende aard is (vanweë die suggestie van kreatiewe alternatiewe), is dit nog geen waarborg vir 'n suiwer kyk op die probleem nie.

Dit is wel so dat die werking van die fantasie bepaalde ideologiese aspekte van die fiktiewe wêreld ondermyn, maar dat die fantasie aantoonbaar in diens van 'n *goeie* uitweg staan, lyk taamlik seker. Ideologiese aspekte wat ondermyn word, is optrede soos wreedheid, intimidasie en dwang. Die *goeie* alternatief wat voorgehou word, beteken nie in alle gevalle ontsnapping in 'n idille nie, maar werk in die rigting van integrasie en herstel van 'n versteurde balans.

Die verhouding tussen die groep en die enkeling is 'n opvallende element. In gevalle waar groepverbande deur lede van die groep beskou word as rede waarom magsmisbruik ter wille van eie voordeel of gulsigheid geregverdig kan word, tree 'n enkeling (gerugsteun deur die onbepaalbare magte van elders) na vore om 'n soort suiwering te bewerkstellig. Hierdeur word 'n verbetering in lewensgehalte moontlik gemaak: die wanbalans word herstel, die enkeling word in die groep opgeneem, die onreg word uitgewis.

Bibliografie

Degenaar, J.J. 1982. 'n Marxistiese perspektief op Suid-Afrika. *Standpunte*, 35(1):50–56, Februarie.

Degenaar, J.J. 1985. Ideologie, vervreemding en woordkuns. In: Malan, Charles en Smit, Bartho (reds.). *Skrywer en gemeenskap*. Pretoria: HAUM-Literêr, pp.123–136.

Degenaar, J.J. 1988. Rooikappie se geheim. *De kat*, 3(3):108–110, Maart.

Du Randt, W.S.H. 1969. *Eugène N. Marais as prosaïs*. Kaapstad: Nasou Beperk.

Jackson, R. 1981. *Fantasy: the literature of subversion*. London en New York: Methuen.

Jooste, G.A. 1983. E.N. Marais: *Dwaalstories*, verhale met 'n eie logika en stewige struktuur. *Tydskrif vir letterkunde*, 21(2):78–88, Mei.

Marais, E.N. 1959. *Dwaalstories*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Mihálik, A. 1988. Die lied van die reën – 'n Afrika-pryslied. *Tydskrif vir letterkunde*, 26(1):84–91, Februarie.

Rabie, J. 1956. *21*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Rousseau, L. 1974. *Die groot verlange*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Todorov, T. 1973. *The fantastic*. Cleveland/Londen: The Press of Case Western University.

Van Melle, J. 1953. Drie Boesmanverhale van Eugène Marais. *Tydskrif vir letterkunde*, 3(3):41–50, September.

Universiteit VISTA
Port Elizabeth